Lees met Begrip

BASISLYN ASSESSERING

(Assesseer graad 5 kennis en vaardighede)

15

Instruksies aan leerders

1. Lees die vrae sorgvuldig deur en werk netjies.
2. Beantwoord in volsinne, behalwe waar slegs 'n woord gevra word.
3. Tot-en-met 3 punte sal vir taal- en spelfoute afgetrek word.

Lees die verhaal oor Jakkals en Wolf en beantwoord dan die vrae wat daarop volg:



JAKKALS EN WOLF

Eendag het Wolf langs die rivier gestap. Sy vrou en sy kinders is honger by die huis. Hy besluit om 'n plan te maak en om iets vir ete te vang. Soos die geluk dit wil hê, vang Wolf vyf ganse. Wolf vat die ganse, sit hulle in 'n sak en gooi die sak oor sy rug. Baie tevrede stap Wolf huistoe. Oppad huis toe ontmoet hy vir Jakkals.

"Môre, Wolfie!"
"Môre, Jakkie!"
"Hoe gaan dit, Wolfie?"
"Nee goed, Jakkie."
"Sjoe, Wolfie, maar ek ruik mos vleis in daai sak van jou!"
"Ja, nee wat, Jakkie, dis vyf ganse wat ek hier teen die rivier vasgelê het."
"Ag, Wolfie, wil jy nie maar die vyf ganse aan my verkoop nie?"
"Nee, Jakkals. Ek kan nie die ganse aan jou verkoop nie, ek wil dit huis toe vat vir my vrou en my kinders."
"Ag, Wolfie, ek sal jou goed betaal. Ek gee jou 'n rand vir elke gans. En dié vyf rand kan jy by Oom Leeu gaan haal; jy weet Oom Leeu is eerlik. Hy sal jou regtig betaal vir die vyf ganse. So sê net vir hom ék het vir jou gesê hy moet daai vyf rand, wat hy vir my skuld, vir jóú gee."
"Nee, maar dis goed so, Jakkie."



Jakkals vat die vyf ganse en loop daarmee weg. Wolf stap na Leeu se huis en klop aan die deur.
"Wie is dit?"
"Dis ek, Wolf, Oom Leeu."
Leeu maak oop.

"Oom Leeu, Jakkals het my na jou toe gestuur. Hy het gesê jy skuld hom vyf rand en dat jy daardie vyf rand vir my moet gee sodat ek vir my kinders kan kos koop. Hy het vyf ganse by my vir daardie vyf rand gekoop."

"O nee, maar goed, kom dan in, Wolf." Leeu maak die deur oop en Wolf gaan in. Leeu maak die deur agter Wolf toe. Leeu gaan na sy kamer en gaan haal sy sambok. Hy slaan vir Wolf vyf houe met die sambok. Toe Wolf uithardloop, skreeu Leeu agterna, "Dit is die vyf rand wat ek vir Jakkals geskuld het en wat hy gesê het ek vir jou moet gee!"

Daar is Jakkals toe weg met die vyf ganse. Wolf het nie net sy ganse verloor nie, maar nog 'n drag slae ook gekry.

1. **Beantwoord die vrae in volsinne.**

a) Watter plan het Wolf gemaak om sy gesin te voed?

_____

_____ (1)

b) Hoeveel geld het Jakkals vir Wolf aangebied?

_____

_____ (1)

c) Het Oom Leeu werklik vir Jakkals geld geskuld? Gee 'n rede vir jou antwoord.

_____

_____ (2)

2. **Kies die KORREKTE antwoord. Omkring slegs die korrekte letter.**

a) Waarin het Wolf die ganse huis toe gedra?

A 'n boks
B 'n handsak
C 'n sak
D 'n sportsak

b) Waarheen het Wolf gestap om die R5 te gaan haal?

A na Jakkals se huis
B na Leeu se den
C na Leeu se grot
D na Leeu se huis

c) Jakkals is...

A lui, dom en skelm
B lui, slim en eerlik
C fluks, slim en skelm
D lui, slim en skelm

d) Wolf is...

A lui, dom en skelm
B lui, slim en eerlik
C fluks, dom en eerlik
D lui, slim en skelm

3. **Kies die antwoord wat nie pas nie. Skryf slegs die korrekte letter neer.**

a) Wat het Leeu vir Jakkals geskuld?

A 'n pak slae
B vyf houe
C geld

b) Watter teëspoed het Wolf getref?

A Hy het die vyf ganse verloor.
B Hy het sy werk verloor.
C Hy het slae by leeu gekry.
D Beide a) en c).

4. **Besluit of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs die antwoord neer.**

a) Jakkals het vyf houe by Leeu gekry. _____

b) Wolf is getroud en het een kind. _____

c) Leeu het Jakkals nie werklik geld geskuld nie. _____

d) Wolf sal Jakkals voortaan steeds vertrou. _____

5. **Vind 'n word vanuit die leesstuk wat dieselfde beteken as:**

a) gevang - _____

Naam: _____ Graad 6

Taalkonstruksies en Spelling

BASISLYN ASSESSERING

(Assesseer graad 5 kennis en vaardighede)

_____
25

Instruksies aan leerders

1. Lees die vrae sorgvuldig deur en werk netjies.
2. Hou in gedagte dat woorde wat verkeerd gespel is, nie as korrek aanvaar sal word nie.
3. Jy het 40 minute om die vrae te beantwoord.

1. Skryf die meervoude van die volgende woorde neer:

a) wolf - _____

b) kamer - _____

c) gans - _____

d) bok - _____

e) rugsak - _____ (5)

2. Skryf die verkleinwoordjies van die volgende woorde neer:

a) rivier - _____

b) vrou - _____

c) plan - _____

d) huis - _____

e) bank - _____ (5)

3. Skryf die volgende paragraaf oor en vervang die onderstreepte woorde met hul antonieme (woorde met die teenoorgestelde betekenis).

Die vrou was baie ongelukkig toe haar man sonder enige kos by die huis aankom. Sy het met hom getrou en het as bruid beloof om by hom te staan deur dik en dun. Wolf se moeder het haar egter gewaarsku dat trou nie kinderspeletjies is nie. Wolf se hele gesin, behalwe Wolf se broer, oom en oupa, was by die troue.

d) Wolf is...

A lui, dom en skelm
B lui, slim en eerlik
C fluks, dom en eerlik
D lui, slim en skelm (4)

3. **Kies die antwoord wat nie pas nie. Skryf slegs die korrekte letter neer.**

a) Wat het Leeu vir Jakkals geskuld?

A 'n pak slae
B vyf houe
C geld

b) Watter teëspoed het Wolf getref?

A Hy het die vyf ganse verloor.
B Hy het sy werk verloor.
C Hy het slae by leeu gekry.
D Beide a) en c). (2)

4. **Besluit of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs die antwoord neer.**

a) Jakkals het vyf houe by Leeu gekry. _____

b) Wolf is getroud en het een kind. _____

c) Leeu het Jakkals nie werklik geld geskuld nie. _____

d) Wolf sal Jakkals voortaan steeds vertrou. _____ (4)

5. **Vind 'n word vanuit die leesstuk wat dieselfde beteken as:**

a) gevang - _____ (1)

Kreatiewe Skryfwerk

BASISLYN ASSESSERING

(Assesseer graad 5 kennis en vaardighede)

	20

Instruksies aan leerders

1. Lees die opdrag sorgvuldig deur en werk netjies.
2. Hou by die gegewe aantal woorde.
3. Maak seker van die assesseringskriteria op die volgende bladsy.

Bestudeer die strokiesprente op hierdie bladsy en kies een.
Skryf 'n kreatiewe verhaal (storie) oor wat jy dink gebeur het.
Jou opstel moet tussen 100 en 120 woorde lank wees.

Strokiesprent A



Strokiesprent B



Strokiesprent C



_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____ (12 x ½ = 6)

5. Vul die ontbrekende voorsetsels, voornaamwoorde en verameIname in.

Wolf is baie lief vir ___ ___ vrou. Hy het vir ___ ___ ___ ___ (sy vrou) 'n ___ ___ ___ blomme vir Valentynsdag gegee. ___ ___ ___ ___ ___ (hy en sy) het by 'n restaurant gaan eet. Dit is dieselfde restaurant wat die vorige jaar deur 'n ___ ___ ___ ___ ___ rowers beroof is.

Die restaurant se eienaar was baie kwaad ___ ___ ___ die rowers, omdat hulle die restaurant baie verniel het. Hulle het ook al die kos wat ___ ___ die yskas was opgeëet. Twee van die rowers is later ___ ___ die hospitaal opgeneem as gevolg van erge maagpyn.

Die kos in die yskas was blykbaar oud en die eienaar was ___ ___ ___ plan om dit weg te gooi.Die rowers het hul rieme lelik styfgeloop.

(9)